**Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2022**

**Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees**

**Koerantartikel:** *Gap*-jaar: Kaap tot Kaïro

1 Twee matrikulante het besluit om ná matriek ‘n ongewone *gap*-jaar te vat en Afrika te gaan verken. Hulle het Kaapstad gegroet en per bus na die Wildekus vertrek. Dáár het hulle mense ontmoet wat in ‘n boomhuis langs die kus bly en daar tent opgeslaan.

2 Bosluiskoors het egter die *brieke* aangedraai voordat hulle Zimbabwe toe kon vertrek. Van die Victoriaval is hulle Zambië toe. Van daar was die plan om Malawi toe te gaan, maar hulle het die trein gemis en in Tanzanië beland.

3 “Ons het nog nie geweet hoe enigiets werk of hoe grensposte werk nie,” onthou Adriaan.

4 Terug in Malawi het hulle op ‘n eiland in die Malawi-meer ge-*chill*, waar ‘n gasvrye man daarop aangedring het dat hulle ‘n week by hom en sy gesin bly – op ‘n stapeldieet van pap en silwer vissies. Daarna is hulle na Noord-Mosambiek en kuslangs noord na Tanzanië. Van Dar es Salaam is hulle met ‘n pont Zanzibar toe, waar hulle Stone Town sowat ‘n maand lank verken het.

5 Ná ‘n paar draaie moes hulle eers in Ethiopië stilstaan. ‘n Ou, amper Middeleeuse stad met klipmure, waar hiënas saans in die strate rondloop, het hulle bekoor. “Dit voel asof jy teruggaan in die tyd,” sê Adriaan. Hulle het ook Lalibela, ‘n dorpie in die berge, besoek, waar kerke uit klippe gekerf is.

6 By Wadi Halfa, die Soedanse grenspos by die Nylrivier, het die pad doodgeloop en moes hulle rivierlangs Egipte toe reis. Hul intog in Egipte was ‘n oornagrit op ‘n skip se dek, ‘n *surreal* ervaring met reusagtige monumente op die rivieroewer ingekerf waar hulle stil-stil in die donker verbygeseil het. In Kaïro het hulle fietse gehuur en in die Vallei van die Konings tussen die piramides en monumente getrap.

7 “Egipte is ‘n ongelooflike plek,” sê hy. “Dis *insane* om in daardie grafte af te gaan.”

Uit: https://www.beeld.com

**Hardoplees:** ‘*Gap*’-jaar: Kaap tot Kaïro

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 8</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Augustus 2022</u>** |
| **<u>Vraestel 1</u>** | **<u>Afdeling B</u>** | **<u>Luister en praat</u>** |

**Boekresensie:** <u>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</u>

Linda Rode

1 Dis selde dat ‘n mens ‘n boek optel wat jou van die begin af bind. Dis ‘n jeugboek wat jou van binne af warm maak met soveel humor.

2 Gou maak ons kennis met Hanna, haar kunstenaar-ma, Mana, haar halfboetie, haar twee stiefbroers, en Beyers, haar stiefpa. Daar is baie *hoekoms* in haar lewe. Sy het eers in die kleuterskool agtergekom dat die ander kleuters se ma’s nie dieselfde optree of ruik as hare nie. Haar ma ruik die meeste van die tyd na paraffien waarmee sy haar verfkwaste skoonmaak. Dit was ook vir haar ‘n skok dat al haar maats pa’s het. Die enigste pa wat sy geken het, is die stem van haar biologiese pa, Gavin, as sy met hom oor die telefoon sou praat.

3 Haar grootste begeerte is om te skryf. In haar kortverhaal wens sy dat sy dat sy ‘n meisie met die naam Fabienne is.

4 Wanneer Mana en Beyers besluit om hul wittebrood in ‘n hut op ‘n berg te gaan vier, ontvang hul ‘n onverwagse besoek van Gavin, wat besluit het om Hanna se vyftiende verjaardag saam te kom vier. Margot, Beyers se vorige vrou, het ook by hulle aangesluit. Die drama word ‘n ondervinding wat almal saamsnoer.

5 Hanna sluit haar verhaal af met: “Ek gaan daardie roman skryf. Ek gaan beslis nie oor ‘n fabelagtige skepsel soos Fabienne skryf nie. Ek gaan ‘n storie skryf oor ‘n gemiddelde vaal meisie met ‘n onwaarskynlike ma en pa.”

**1 Wie is die <u>resensent</u>?**
**2 Waarom sou jy sê dat Hanna nie by haar biologiese pa gewoon het nie?**
**3 Luister na paragraaf 4. Beskryf die <u>ruimte</u>.**
**4 Watter positiewe <u>gevolg</u> het die verblyf in die berghut vir hulle ingehou?**
**5 By watter <u>karakter</u> in paragraaf 5 tref ons *dialoog* aan?**

**Mondeling:** <u>Boekresensie van ‘n boek van eie keuse</u>

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, oogkontak en gesigsuitdrukking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**<u>Graad 8</u>** **<u>Afrikaans Huistaal</u>** **<u>Augustus 2022</u>**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

**1 Drama:** <u>Kat waarsku Donkie</u>

*Alles is doodstil op die plaas. Die laaste sonstrale skyn deur die enigste venster van die stal en verf die lusernbale oranje en rooi. Donkie hoor ‘n geritsel agter een van die lusernbale. Hy wonder wie dit kan wees.*

Donkie: *(in ‘n vrolike stem)* A! uiteindelik het iemand vir my kom kuier.

Kat: *(kom versigtig van agter die een baal lusern uit)* Ek kom nie vir jou kuier nie. Nee, ek kom jou net waarsku.

Donkie: *(verbaas))* Waarteen kom jy my waarsku? Ek is mos veilig hier in die stal.

Kat: Nie waarteen nie, maar teen wie. Ek is bekommerd oor jou.

Donkie: *(nuuskierig)* Wie sal my tog wil seermaak? Ek is dan so vredeliewend.

Kat: *(verbaas dat Donkie nie eintlik bang is nie)* Dis Perd. Hy beskou jou as ‘n bedreiging. Hy is jaloers op jou.

Donkie: *(nou éérs nuuskierig)* Hoekom sou Perd nou op my jaloers wees? Boer het hom dan so lief. As Boer veld toe gaan, neem hy hom altyd saam. Hy kyk nie eers in my rigting as hy vir Perd opsaal nie. Vir hom is ek mos maar net ‘n pakdier. Ja-nee, vandat Perd mos op die plaas aangekom het, kyk Boer nie eers meer in my rigting nie.

Kat: Wel, Perd hou nie daarvan dat al die diere so lief is vir jou nie.

*Die volgende oomblik hoor Kat en Donkie hoe perdehoewe nader kom. Vir die eerste keer in sy lewe is Donkie bang. Die volgende oomblik storm Perd die stal binne en …*

**1.1 Waar speel hierdie drama hom af?** (1)

**1.2 Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer wat daarop dui dat Donkie baie bly was, aangesien hy gereken het dat iemand vir hom kom kuier het.** (1)

**1.3 Oor watter goeie <u>karaktereienskap</u> beskik Donkie?** (1)

**1.4 Noem slegs EEN <u>karakter</u> waar ons *dialoog* aantref.** (1)

**1.5 Watter <u>emosie</u> het Donkie ervaar toe hy die perdehoewe hoor nader kom?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2 Brief aan die pers:** Sosiale media rig te veel skade aan

Posbus 392
Kuilsrivier
7531
12 Mei 2022

Die Redakteur
Die Hanekraai
Posbus 4318
Kaapstad
4286

Geagte Meneer

Sosiale media rig te veel skade aan

Is dit nie tyd dat ons versigtiger te werk moet gaan as ons iets op sosiale media plaas nie?

Het ons al daaraan gedink hoeveel mense onnodig seerkry? Dit wil voorkom of party mense eers praat en dan dink. Indien iemand nie met 'n ander persoon saamstem nie, is dit nie nodig dat almal van hulle meningsverskil hoef te weet nie. Die tragiese is dat sommige lesers hierdie meningsverskille en onderlangse slegsê geniet. Hulle beskou dit as vermaak.

Daar is beslis ander maniere om die geskil uit die weg te ruim. Persoonlike konfrontasie is die antwoord. Ongelukkig is nie almal bereid om van aangesig tot aangesig met mekaar te praat en die geskil uit die weg te probeer ruim nie. Dit is veel makliker om neerhalend met iemand te praat terwyl die persoon hom nie kan sien nie.

Is dit nie miskien tyd dat die sosiale media op een of ander manier moet ingryp en sekere gesprekke op sosiale media onder sensuur moet plaas nie?

Wonder maar net.

Die uwe
***J. Botha***
Johan Botha

**2.1 Waaroor het die skrywer van die bostaande brief sterk gevoel?** (1)

**2.2 Watter <u>negatiewe invloed</u> kan die sosiale media volgens hierdie brief hê?** (1)

**2.3 Met watter voorstel kom die skrywer?** (1)

**Totaal: 3** **/3**

**3 Tydskrifartikel:** <u>'n Gesonde lewenstyl mag 'n goeie aftrede waarborg</u>

1 Om tot 'n hoë ouderdom te leef is iets waarna die meeste van ons streef: om meer tyd saam met die kleinkinders deur te bring, onsself te bederf en dinge te doen waarvoor ons nooit tyd gehad het nie, sorgeloos te lewe, geen bekommernisse te hê nie, nie in die verkeer vas te sit op pad werk toe nie en nie die spanning van jou werk te beleef nie. Om te dink 'n mens hoef nie meer die wekker vir die volgende dag te stel nie! Na aftrede kan ons die goue sonopkomste aanskou en bewonder.

2 Maar as ons nie na onsself omsien nie, sal daardie sorgelose dae miskien nooit aanbreek nie. Andrew Steele, die skrywer van *Ageless*: *The new science of getting older without getting old*, wys ons daarop dat 'n gesonde leefstyl baie belangrik is vir 'n goeie aftrede. Hy reken dat dit dissipline en wilskrag verg om 'n gesonde lewenstyl te handhaaf.

3 Oefening en gesonde eetgewoontes is die antwoord. Wanneer jy oefen, is daar dosyne veranderinge aan jou metabolisme, jou bloedsomloop, die bene en selfs die senuwees wat jou brein met jou spiere verbind. Oefening kan tot die afbreek en heropbou van verouderde kollageen lei, wat beteken dat stywe vesels met nuwes vervang word.

4 Die voordele van oefening is so omvattend dat dokters reken as oefening 'n pil was, sou almal daarvoor tougestaan het. Ongelukkig is oefening harder werk as om 'n pil te drink en ons gejaagde lewe maak dit nou nie juis makliker nie.

**3.1 Noem slegs TWEE maniere waarop ons lewe na aftrede mag verander.** (2)

**3.2 Waarom, reken jy, sal 'n mens beter kan konsentreer as jy genoegsame oefening kry?** (1)

**3.3 Hoe hou die <u>inhoud</u> van paragrawe 2 en 3 verband met die <u>opskrif</u>?** (1)

**3.4 Reken jy die *inhoud* van die bostaande artikel is <u>geloofwaardig</u>? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)

**3.5 Noem slegs EEN voordelige <u>gevolg</u> wat genoegsame oefening vir die mens inhou.** (1)

**3.6 Wat is die <u>kerngedagte</u> van die bostaande artikel?** (1)

**Totaal: 7** **/7**

**4 Uittreksel uit 'n roman:** In die hemel eet 'n mens mieliepap

1 "Ek bly sommer," sê hy magteloos. "Dis … dis oorlog daar anderkant. Dit gaan al hoe erger … Pa kan 'n plan met Abbie maak. Miskien kan Pa ook maar nie regkom nie. Miskien kry ek nooit weer 'n kans om my ambag te leer nie."

2 "Jou pa het daardie brief Augustusmaand geskryf," sê Ma moeg. "Die mense gaan hul gang; solank jy betyds in jou bomskuiling kom en van die strate af bly. Die ding is: Abbie is so klein en dis net julle wat vir haar …" Sy word hartseer. Ma wou nooit gehad het dat Abbie na die inrigting gaan nie.

3 "Waar jy aan hierdie siek storie kom, weet ek nie," hoor hy Ma van die rusbank af sê. "Dis die hitte; ons Europeërs is hierdie hitte nie gewoond nie …"

4 *Dis die vreemdste gevoel. Vir die eerste keer in my lewe klink dit asof Ma my wil terugskop huis toe, na Pa toe. Jy kan behoorlik voel hoedat skubberige voëlpote met jou sitvlak in aanraking kom en jou oor die rand van die nes wat jy nou sewe maande lank geken het, dwing. Ma het snaaks geword.*

5 "O ja," hoor hy haar sê. "Ek het nog iets vir jou, Daniël. Lukas, bring daardie skoendoos vir jou tante, asseblief."

6 Lukas bring die skoendoos en Ma haal vyf potlode daaruit. "Hier's die boek en lapsak wat met die potlode saamgaan." Dis asof sy eers weer asem van iewers moet kry. "Eendag sal jou kinders wil weet wat jy beleef het."

7 Nes Ma is: Elke potlood is 'n ander kleur. Die boek is sorgvuldig gegom. Voor op die boek het Ma netjies geskryf: *Daniël Rosendorf. Joernaal*. In Hebreeus.

8 "My beroemde neef, die skrywer en reisiger," sê Lukas.

9 "Jy't genoeg vir huis toe gaan," hoor hy sy ma van die rusbank af sê.

10 Daniël kyk na Ma se geel hande.

11 *Hoekom wil 'n mens tjank en haar aan die skouers vat en ruk totdat sy die waarheid praat?*

**4.1 Wat moet jy volgens Ma doen om redelik veilig te wees daar anderkant?** (2)

**4.2 Waarom het Daniël vermoed dat sy ma siek is? Noem TWEE redes.** (2)

**4.3 Watter <u>emosie</u> ervaar Ma in paragraaf 2?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**GROOTTOTAAL: 20** **/20**

**Graad 8** | **Afrikaans Huistaal** | **Augustus 2022**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**Koerantberig:** Prins William kap renosterstropers
*Leopold Scholtz* *Die Burger, 20 Junie 2012*

1 DEN HAAG – Prins William het ‘n skerp aanval gedoen op stropers wat renosters in Afrika in groot getalle afmaai.

2 Terwyl hy ‘n renosterkoei in Port Lympne-wildtuin in Kent gevoer het, het die prins gisteroggend in die BBC se ontbytprogram gesê die stropers is “uiters onkundig”. William is beskermheer van die Tusk-trust, ‘n organisasie wat die verlies van wild op die openbare agenda probeer plaas. Die Aspinall-stigting, wat die trust hanteer, het pas ‘n program begin om drie swartrenosters wat in Brittanje in gevangenskap gebore is, in Tanzanië vry te laat. “Dis die regte ding om te doen,” sê William.

3 William het in die program gesê renosters en olifante is die twee spesies wat op die oomblik die meeste onder stropers ly. “As ons niks daaraan doen nie, sal dit ‘n tragiese verlies vir almal wees,” het hy gesê. Die oplossing lê in grootskaalse opvoedingsprogramme om mense te laat insien watter skade die wildstropers aan die natuur doen. Ook kan toerisme, waarvan Afrika-ekonomieë in ‘n groot mate afhankilik is, daardeur geskaad word.

**1 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 1.** (1)
**2 Skryf reëls 1 en 2 oor as ‘n vraagsin.** (1)
**3 Vervang die onderstreepte *bywoordelike sinsnede* in reël 2 met ‘n bywoordelike bysin.** (1)
**4 Skryf die soortnaamwoord in reël 3 neer.** (1)
**5 Skryf die bywoord van tyd in reël 4 neer.** (1)
**6 Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 5.** (1)
**7 Vorm ‘n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 7.** (1)
**8 Skryf die onderstreepte sin in reël 9 oor in die toekomende tyd.** (1)
**9 Skryf die eienaam in reël 10 neer.** (1)
**10 Skryf die onderstreepte sin in reëls 11 en 12 oor in die indirekte rede.** (1)
**11 Skryf die byvoeglike naamwoord in reël 12 neer.** (1)
**12 Skryf die kompleks / gelede woord in reël 13 neer.** (1)
**13 Skryf die saamgestelde woord in reël 13 neer.** (1)

**14** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 14–16 oor in die <u>verlede tyd</u>.** (1)

**15** **<u>Verbind</u> die onderstaande sinne met 'n *voegwoord*.** (1)

*Prins William is ontsteld. Renosters word vir hulle horings doodgemaak.*

**Totaal: 15** **/15**

**<u>Graad 8</u>** **<u>Afrikaans Huistaal</u>** **<u>Augustus 2022</u>**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling C</u>** **<u>Letterkunde</u>**

**Gedig :** <u>Rondloper</u>

1 Hy's klein en skraal en baie moeg,
sy klere vaal en muf van stof,
want heel die warm dag het hy
die paaie, paaie langs geslof.

2 Sy skouers buie bietjie oor
van stap en stap in reën en wind,
sy hande is gebars en swart
maar klein en skraal soos van 'n kind.

3 Nou stap hy na die waterput
waar donkies en die kalwers drink
en in die modderwatertjies
die eende kwekker en rinkink;

4 nog skaam'rig vir die agterplaas
sluip-sluip hy na die putjie heen,
maar voor hy skep, laat drink hy eers
die kalwers, tot die laaste een.

5 Rondloper noem die mense hom
en deugniet – tot sy pa en ma –
sit soms die honde agter hom
as hy weer by die plaas kom pla.

6 Snags slaap hy sommer in 'n sloot
of agter in 'n ghoeniebos,
en as die veldkos skaarser word,
kom vra hy soms 'n bietjie kos.

7 Die vrou loer oor die agterdeur,
die kinders kom so stil en kyk,
want hy't die oë van 'n kind
wat nou eers na die dinge kyk.

*N.P. van Wyk Louw*

**1.1 Dui in strofe 1 aan waar ons eindrym aantref.** (1)
**1.2 Skryf die klanknabootsende woord in strofe 3 neer.** (1)
**1.3 Gee 'n beskrywing van die rondloper se hande.** (1)
**1.4 Watter effek verkry ons deur die *herhaling* van "sluip" in versreël 14?** (1)
**1.5 Verskaf EEN rede waarom ons hom as 'n swerweling kan sien.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2 Uittreksel uit 'n kortverhaal:** Hoërskool suig

1 Donderdag, 15 Januarie
*Hoërskool suig! Almal het gesê dit gaan great wees, en ek, sucker, het dit geglo! Wel, dit is nie! Ek haat die beplooide groen romp wat so lank soos 'n non s'n is, die wit hemp wat kort-kort uitkruip om dan maar net weer terug te kruip. Ek haat ook die sokkies wat heeltyd deur my skoolskoene ingesluk word.*

2 *Is dit snaaks om met 'n vasgeplakte rosyntjie op jou neus rond te loop? Of om twee lengtes van die rugbyveld te moet "swem"? Of om jou liefde aan 'n vlagpaal te verklaar?*

3 *DIS NIE SNAAKS NIE!*

4 Hulle staan in 'n kring om haar. Lize voel soos 'n insek onder 'n mikroskoop. "Jy't gehoor wat die oumeneer sê: Loop soos Paris Hilton, Blondie! Dè, hier's jou hond!"

5 Kiertsregop loop sy. Sy sal nie huil nie. Sy verlang na die rustigheid van die bekende laerskool. Na haar leiers en die onnies wat mens lankal ken. Die onnies in wie jy 'n vertroue het. Nou begin alles weer van voor.

6 Sy's laat vir klas. "Jammer, Meneer," stamel sy. Sy probeer na haar bank sluip, maar haar voet haak vas en KEDWAF! beland sy op 'n outjie wat sy bril in die proses verloor. Giggels bewe in die lug, maar word gou in wange gebêre onder die vernietigende blik van die Hitler/Einstein-kloon.

7 Maandag, 19 Januarie
*Ek sweer ek's tien kilo's ligter! Op hierdie warmste van warm dae was dit "Eskimo-dag". Ons moes met wintersklere rondloop. Leon het langpouse kom sê ek is 'n oulike ysbeer en ek moet vasbyt, want ontgroening is amper verby. Nie slegs is die ontgroening amper verby nie, maar ek het al heelwat vriendinne gemaak en kom baie goed oor die weg met twee van my onderwysers.*

**2.1 Waarom word "*swem*" tussen aanhalingstekens geskryf?** (1)

**2.2** **Watter <u>emosie</u> ervaar Lize in paragraaf 5?** (1)

**2.3** **Wat beteken "*Die giggels word gou in wange gebêre*"?** (1)

**2.4** **Waarom word die wiskunde-onderwyser "*Hitler/Einstein-kloon*" genoem?** (1)

**2.5** **Hoe <u>verskil</u> die *inhoud* van paragraaf 5 van die *inhoud* van haar laaste dagboekinskrywing?**

**Totaal: 5** **/5**

**GROOTTOTAAL: 10** **/10**

**<u>Graad 8</u>** **<u>Afrikaans Huistaal</u>** **<u>Augustus 2022</u>**

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf 'n <u>beskrywende opstel</u> van 200–250 woorde oor EEN van die volgende:**

Soos verdwaaldes in die woestyn. / Oë wat deurboor.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud en interessantheid: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, taalgebruik en skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en woordeskat: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf 'n <u>kortvehaal</u> van 250–280 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Salf saam met die seer. / Ouboet raak ernstig. / Die verlore seun. / Die wit leuentjie.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en interessantheid: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karakters, karakteropenbaring en -ontwikkeling: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Tyd, ruimte, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en woordeskat : | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf 'n <u>dialoog</u> van 180–200 woorde oor EEN van die onderstaande.**

'n Dialoog tussen twee tronkvoëls / twee snobistiese vroue / twee straatkinders.

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud en interessantheid: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, uitleg en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ‘n <u>informele / vriendskaplike brief</u> van 180–200 woorde aan jou maat. Vertel hom/haar hoe jy ontvoer is, waar jy aangehou is, hoe die ontvoerders jou behandel het en wat jy te ete gekry het.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en interessantheid: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Taalgebruik, woordeskat, uitleg en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal : 10** **/10**

**<u>Memorandum</u>** **<u>Augustus 2022</u>**

<u>Vraestel 1</u> <u>Afdeling B</u> <u>Luister en praat</u>

**Boekresensie:** <u>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</u>

1 Linda Rode is die resensent. (1)
2 Sy het meestal slegs oor die telefoon met hom gepraat. (1)
3 In ‘n hut op ‘n berg. (1)
4 Hulle is almal weer saamgesnoer. / Almal het weer vriende geword. (1)

5 Ons tref by Hanna *dialoog* aan. (1)

<u>Vraestel 2</u> <u>Afdeling A</u> <u>Leesbegrip</u>

**1 Drama:** <u>Kat waarsku Donkie</u>

1.1 Die drama speel hom in die stal af.
1.2 Donkie: *(in ‘n vrolike stem)* A! uiteindelik het iemand vir my kom kuier.
1.3 Donkie is vredeliewend.
1.4 Donkie / Kat **(slegs EEN)**
1.5 Hy was bang. / Hy ondervind die emosie van vrees. (5)

**2 Brief aan die pers:** <u>Sosiale media rig te veel skade aan</u>

2.1 Dat die sosiale media te veel skade aangerig het. / Die media moet ingryp en sekere gesprekke op sosiale media onder sensuur plaas.
2.2 Mense wat beledig word, word onnodig seergemaak. **(slegs EEN)**
2.3 Dat die media sekere gesprekke op sosiale media onder sensuur moet plaas.

**3 Tydskrifartikel:** <u>Raak ouer en geniet jou aftrede</u>

3.1.1 Ons kan meer tyd met die kleinkinders deurbring..
3.1.2 Ons het meer tyd om dinge te doen waarvoor ons nooit tyd gehad het nie.
3.1.3 Ons sal byna geen bekommernisse hê nie.
3.1.4 Ons sal nie meer in die verkeer op pad werk toe hoef vas te sit nie.
3.1.5 Ons sal nie die spanning van die werk meer hoef te beleef nie.
3.1.6 Ons kan opstaan net wanneer ons wil. **(slegs TWEE)**
3.2 Jou bloedsomloop is beter en meer bloed sal gevolglik oor die brein vloei.
3.3 Ons moet 'n gesonde leefstyl handhaaf om eendag daardie sorgelose dae te kan geniet.
3.4 Enige aanvaarbare realistiese antwoord wat met die inhoud verband hou.
3.5 Jou bloedsomloop sal beter wees. / Jy sal beter kan konsentreer.
Oefening kan tot die afbreek en heropbou van verouderde kollageen lei. / Stywe vesels word met nuwes vervang.
3.6 Ons moet 'n gesonde lewenstyl handhaaf om 'n goeie aftrede te kan beleef.

**4 Uittreksel uit 'n roman:** <u>In die hemel eet 'n mens mieliepap</u>

4.1.1 Jy moet net betyds in jou bomskuiling kom.
4.1.2 Jy moet net van die strate af bly.
4.2.1 Sy het gou moeg geraak as sy praat.
4.2.2 Ma se hande was geel.
4.3 Sy was hartseer. (5)

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling B</u>** **<u>Taal</u>**

**Koerantberig:** <u>Prins William kap renosterstropers</u>

1

| <u>Stellende trap</u> | <u>Vergrotende trap</u> | <u>Oortreffende trap</u> |
|---|---|---|
| Skerp | skerper | skerpste |

2 Het prins William 'n skerp aanval op stropers wat renosters in Afrika in groot getalle afmaai, gedoen?

3 Renosters wat in Afrika is / wat in Afrika voorkom / wat in Afrika aangetref word

4 Hy het 'n renosterkoei gevoer.

5 Prins William het gisteroggend gesê dat die stropers uiters onkundig is.

6 Hy sê dat die stropers uiters onkundig is.

7 Verplaas

8 "Dit sal die regte ding wees om te doen," sê William.

9 William

10 Hy het gesê dat as ons niks daaraan doen nie, dit 'n tragiese verlies vir almal sal wees.

11 Dit sal 'n tragiese verlies vir almal wees.

12 Die oplossing lê in grootskaalse opvoedingsprogramme.

13 Die oplossing lê in grootskaalse opvoedingsprogramme.

14 Ook kon toerisme, waarvan Afrika-ekonomieë in groot mate afhanklik is, daardeur geskaad word.

15 Prins William is ontsteld, aangesien renosters vir hul horings doodgemaak word. /
Prins William is ontsteld omdat renosters vir hul horings doodgemaak word.

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 8</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Augustus 2022</u>** |
| **<u>Vraestel 2</u>** | **<u>Afdeling C</u>** | **<u>Letterkunde</u>** |

**1 Gedig:** <u>Rondloper</u>

1.1 Hy's klein en skraal en baie moeg,
sy klere vaal en muf van stof,
want heel die warm dag het hy
die paaie, paaie langs geslof.

1.2 Nou stap hy na die waterput
waar donkies en die kalwers drink
en in die modderwatertjies
die eende kwekker en rinkink;

1.3 Sy hande is swart en gebars en klein en skraal soos van 'n kind.

1.4 Die effek van beweging.

1.5 Sy klere is vaal van die stof, aangesien hy gedurig op grondpaaie en in die veld stap. /
Hy is moeg, (sy skouers buie ‘n bietjie oor) aangesien hy so baie stap. /
Hy het nie ‘n huis met krane nie, maar drink water uit ‘n put. /
Die mense noem hom rondloper. /
Hy het nie ‘n huis om in te slaap nie. Hy slaap sommer in ‘n sloot of agter in ‘n ghoeniebos./
Hy kry sy kos in die veld. **(slegs EEN is aanvaarbaar)** (5)

**2 Uittreksel uit ‘n kortverhaal:** Hoërskool suig!

2.1 ‘n Mens kan nie twee lengtes van die rugbyveld swem nie. Jy kan wel twee lengtes van die rugbyveld hardloop of draf.
2.2 Sy ervaar die emosie van verlange na die bekende.
2.3 Hulle hou op om te giggel en hul laggende gelaatstrekke verdwyn.
2.4 Aangesien hy net so ‘n diktator soos Hitler is en net so slim soos Einstein is.
2.5 Sy verlang nie meer so baie na haar vorige skool nie, aangesien sy vriende gemaak het en goed oor die weg met twee van die onderwysers kom. (5)


**Naslaanbronne** **Augustus 2022**

**Koerantartikel:** “Gap”-jaar: Kaap tot Kaïro
***Presteer***
*Pearson Education Souh Africa (Edms.) Beperk, 2014*
*I. Jansen van Nieuwenhuizen, C. Janse van Rensburg, J. Hugo*

**Boekresensie:** Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom
***Platinum Afrikaans Huistaal*** *Maskew Miller Longman (Edms.) Beperk, 2012*
*J. Biesenbach, A. Engelbrecht, C. Henning, I. Hofmeyr, A. le Roux, W. Louw, M. Mihai*
*L. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy*

**Drama:** Kat waarsku Donkie
*Eugene van der Westhuizen*

**Brief aan die pers:** Sosiale media rig te veel skade aan
*Eugene van der Westhuizen*

**Tydskrifartikel:** ‘n Gesonde leefstyl mag ‘n goeie aftrede waarborg
*Ageless: The new science of getting older without getting old*
*Andrew Steele*
***Die Huisgenoot, 1 Julie 2021*** *Huisgenoot.com*

**Uittreksel uit ‘n roman:** In die hemel eet ‘n mens mieliepap *Maretha Maartens*
***Platinum Afrikaans Huistaal*** *Pearson Suid-Afrika (Edms.) Beperk, 2013*
*J. Anker, R. Badenhorst, R. Gouws, J. Hugo, I. Jansen van Nieuwenhuizen*
*C. Janse van Rensburg, G. Julies, M. le Cordeur, M. Nel, D. Steenkamp, E. Stubbe*
*A. van den Heever, K. Viljoen*

**Koerantberig:** Prins William kap renosterstropers *Leopold Scholtz*
***Platinum Afrikaans Huistaal*** Uit: *Die Burger, 20 Junie 2012*
*Pearson Suid-Afrika (Edms.) Beperk, 2013*
*J. Anker, R. Badenhorst, R. Gouws, J. Hugo, I. Jansen van Nieuwenhuizen*
*C. Janse van Rensburg, G. Julies, M. le Cordeur, M. Nel, D. Steenkamp, E. Stubbe*
*A. van den Heever, K. Viljoen*

**Gedig:** Rondloper
***Verse vir Lekker lees*** *N.P. Van Wyk Louw*
*Best Books, 2009*
*Fanie Viljoen, Rina Lamprecht, Henk Viljoen*

**Uittreksel uit ‘n kortverhaal:** Hoërskool suig!
Uit: ***Sweef en ander verhale***, LAPA uitgewers, 2009
*Pearson Suid-Afrika (Edms.) Beperk, 2013*
*J. Anker, R. Badenhorst, R. Gouws, J. Hugo, I. Jansen van Nieuwenhuizen*
*C. Janse van Rensburg, G. Julies, M. le Cordeur, M. Nel, D. Steenkamp, E. Stubbe*
*A. van den Heever, K. Viljoen*